*Vrydag* **3 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-30; 2:16-17**

**Fokusgedeelte: Genesis 2:15 (AFR83)**

**God het ons geskep om Hom ook deur ons daaglikse werk te dien en te eer**

God is die goeie Gewer wat die mens tot 'n lewende wese maak. Hy plant 'n tuin en gee dit as 'n woonplek. Hy gee al die vrugtebome as voedsel. So gee Hy vir die mens lewensruimte en lewensmoontlikhede. Maar die Here gee vir die mens ook verantwoordelikhede. Genesis 2:15: *"Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas."* Dit is hierdie opdrag (werkverbond) wat die mens van die diere onderskei en hom 'n verantwoordelike wese maak wat sy Skepper moet gehoorsaam en aan Hom verantwoording doen.

Om die aarde te bewerk en op te pas, beteken dat die mens moet werk. Werk is dus deel van die wesenlike van menswees. Omdat God die mens in 'n lewensruimte plaas wat arbeid nodig het, moet die mens werk vir sy lewensonderhoud.

Adam en Eva in die paradys voor die sondeval het God met hulle hele wese verheerlik, want God het hulle goed geskape. Deur hulle werk het hulle God in liefde dankbaar gedien. Maar die mens moet ook deur sy werk sy medemens dien. Om die aarde te bewerk en op te pas, beteken om die samelewing op te bou; om die lewenskwaliteit van almal te verhoog en lewensruimte vir almal te skep; om te heers oor die natuur en die wêreld te verfraai en aangenaam te maak. So dien jy jou medemens daardeur.

God toon later in sy Woord dat liefde tot God en liefde tot jou naaste onlosmaaklik aan mekaar verbind is en jou ganse lewe moet beheers. Dit moet jou lewensmotief wees, ook vir die werk wat jy daagliks verrig.

Omdat werk 'n Godgegewe roeping is, is werkloosheid vir 'n gelowige 'n beproewing. Daarom moet jy alles in jou vermoë doen om werk te soek of te skep. Jy moet dit soos enige ander beproewing in jou lewe hanteer en op die Here hoop vir uitkoms.

Ons werk kan alleen vir ons 'n dankbare vreugde bly as ons deur die geloof aan Jesus Christus vashou. Want Hy wat ons weer na die beeld van God herskep het, gee ons die krag deur die Heilige Gees om hierdie Godgegewe roeping daagliks met vreugde te kan nakom.

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)*